SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

# SIZA nuus

UITGAWE 1 VOLUME 1 JUNIE 2013

Voordele ..................... 1
Lidmaatskap................. 1
Tesco ondersteuning.... 1
Registrasieproses ..........2
Sedex nuus.................. 2
Kapasiteitsbou............. 2

## Voordele van SIZA lidmaatskap

- ‘n Suid-Afrikaanse standaard – ontwikkel, besit en van krag in Suid-Afrika – dit weerspieël op Suid-Afrikaanse wetgewing en is spesifiek op Suid-Afrikaanse Landbou gerig.w
- ‘n Enkel standaard, in ooreenstemming met die beste internasionale praktyke d.m.v. GSCP, beteken ‘n gekonvergeerde benadering met wedersydse erkenning van oudits onder kleinhandelaars
- ‘n Risiko gebaseerde benadering wat produsente se ouditfrekwensie beïnvloed
- Verskaf ondersteuning ter voorbereiding van ‘n oudit
- Datasisteem analises, self-evaluering en oudit resultate en dit gee ‘n duidelike prentjie van 'n besigheid: gebiede van risiko's, wat om reg te stel, leiding te gee oor regstellende stappe, verwysings na beleide / dokumente, areas van goeie praktyke
- Voorsiening van SIZA hulpmiddelpakette en opleidingsmateriaal
- SIZA as 'n SA bedryfsinisiatief is 'n hindernis vir ander versekeringskemas in die bedryf

## Lidmaatskap

SIZA lidmaatskapgetalle groei en die nuutste totaal is 297.

Die lidmaatskap verdeling is as volg:

Produsent/Pakhuise: 240
Pakhuise: 37
Uitvoerders: 13
Invoerders: 1
Groothandelaars / Bedryfs-assosiasies: 6





## Tesco ondersteun Siza

TESCO het as ‘n lid by SIZA geregistreer en is Tesco is baie ondersteunend teenoor SIZA as ‘n plaaslike inisiatief wat ontwikkel en besit word deur die Suid-Afrikaanse bedryf. SIZA wil graag ander invoerders en groothandelaars aanmoedig om ook as SIZA lid te registreer.

# Siza registrasieproses



1. Registrasie vir alle lede: gaan na www.fruitsa-ethical.org.za, kliek op "Registration" en volg die instruksies.
2. Die registrasievorm kan aanlyn by FPEF voltooi word.
3. Bewys van betaling moet aan siza@fpef.co.za gestuur word.
4. Die lid word by die SIZA register bygevoeg en 'n SIZA lidmaatskapnommer word toegeken.
5. Die lys van nuwe SIZA registrasies word weekliks (op Maandae) aan SAIGOL gestuur, wat die SIZA data platform bestuur.
6. SAIGOL aktiveer die diens en stuur 'n Verwelkomingspak aan nuwe lede:
   - Produsente / pakhuise (Vlak 1 en 2) ontvang 'n bekendstellingsbrief met lidmaatskapnommer, en die aktiewe skakel na die lede se *Self Assessment Questionnaire*.
   - Uitvoerders, invoerders, groothandelaars (vlakke 3, 4 en 5) en geassosieerde lede ontvang 'n bekenstellingsbrief met lidmaatskapnommer, verduideliking van hoe hulle by verskaffers kan inskakel en ander relevante inligting.
7. Die produsent- / pakhuislid het 2 maande om die SAQ te voltooi en by SAIGOL in te dien.
8. Die SAQ word deur die platformresensent nagegaan en teruggestuur indien onvolledig. Dit is om die produsent van hulp te wees met die voorbereiding vir 'n oudit en is nie 'n slaag/druip oefening nie.
9. Die SAQ word goedgekeur en teruggestuur aan die lid tesame met 'n brief wat die volgende stap beskryf, insluitende ouditvereistes en 'n lys van oudit entiteite.

# Siza / Sedex Terugvoer



Vrugte SA het by SEDEX as 'n AB lid (VK kleinhandelaars het dit finansieël gesteun) aangesluit. Dit beteken dat Suid-Afrikaanse verskaffers sigbaar bly aan Suid-Afrikaanse kleinhandelaars as dit vereis word.

TESCO ondersteun die SIZA opsie vir sy verskaffers, met net sy primêre persele wat sigbaar is op SEDEX. Primêre persele kan nog steeds aansluit by SIZA en hulle SEDEX rekeninge skuif na die FSA AB rekening. TESCO produsente (wie nie as primêre persele geklassifiseer is nie) kan aansluit by SIZA en het nie nodig om by SEDEX geregistreer te wees nie, solank aan die kliëntvereistes voldoen word. As 'n lid van SIZA, sal TESCO hierdie persele besoek. Vir meer inligting, kontak Tania Moodley by tania.moodley@uk.tesco.com.

SIZA lede moet met kleinhandelaars uitklaar of hulle sigbaar op SEDEX moet wees en hulle rekening na FSA AB moet skuif. Om FSA koste en tyd te spaar, versoek ons dat verskaffers moet versoek om op die FSA AB rekening ingeteken te wees indien dit die vereiste van die kleinhandelaar is.

Indien u by SEDEX geregistreer moet wees, e-pos of faks 'n toestemmingsbrief om u rekening na die "FSA AB member" rekening te skuif. Dit moet SEDEX bereik voodat u SEDEX rekening verval.
Kontak Colleen Chennells by chennell@iafrica.com om 'n afskrif van die toestemmingsbrief te bekom.

# Siza Kapasiteitsbou

SIZA ontwikkel 'n opleidingsprogram om kapasiteit te bou in die areas om die produsent te ondersteun met die implementering van die SIZA standaard. Produsente of hulle administratiewe personeel, sal die geleentheid gegun word om as Etiese Handel Fasiliteerders opgelei te word. Die Departement van Landbou, Wes-Kaap, het befondsing beskikbaar vir die uitrol van die SIZA program in 2013 / 2014 wat opleiding tov die SIZA Standaard, ouditprosesse, ens insluit. Ons onderhandel ook met nasionale regering en internasionale aandeelhouers vir befondsing om die opleidingsprogram landwyd uit te rol.

Kontakdetails vir verdere inligting:

| | |
|---|---|
| SIZA Registrasies: | siza@fpef.co.za |
| SIZA SAQs en SEDEX: | siza@saiglobal.com |
| Algemene navrae: | chennell@iafrica.com |